JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

NOVEMBER 2013

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. **Dit mag dalk waar wees maar…**

1.2. *Die mense wat in my straat bly.*

OF

1.3. **'n Verantwoordelike tiener.**

OF

1.4. *Ek wil eendag…*

OF

1.5. WhatsApp!!

OF

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6. 1.

OF

1.6. 2.

OF

1.6. 3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1. **Vriendskaplike brief**

Jou ma het gesê jy mag saam met jou vriend / vriendin op vakansie gaan. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF om jou vriend / vriendin hiervan te vertel.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Hoe jy jou ouers gevra het.
- Wat jou reaksie was toe hulle ingestem het.
- Hoe jy na die vakansie uitsien.
- Enige vrae wat jy het omtrent die vakansie.

OF

2.2. **Dialoog**

Jy en 'n vriend / vriendin het so pas 'n boek klaar gelees wat julle albei baie graag wou lees. Skryf 'n DIALOOG waarin jy en 'n vriend / vriendin oor die boek praat. Skryf oor dinge soos:

- Die karakters in die boek.
- Wat gebeur het in die boek.
- Waarvan jy gehou het / nie gehou het nie.
- Wat jy geleer het uit die boek.

OF

2.3. **TV-Programresensie**

Skryf 'n TV-PROGRAMRESENSIE oor 'n program wat jy baie geniet op TV. Onthou om dinge in te sluit soos:

- Die naam van die program.
- Wanneer die program op TV is.
- Wat jy van die program dink.
- 'n Punt uit 10.

OF

2.4. **Huldeblyk**

Een van jou beste vriende / vriendinne het gesterf en jy is gevra om 'n iets te skryf wat gedurende jou vriend / vriendin se begrafnis gelees gaan word. Skryf 'n HULDEBLYK oor jou vriend / vriendin. Dink aan dinge soos:

- Hoe julle vriende geraak het.
- Wat die vriend / vriendin vir jou beteken het.
- Wat die vriend / vriendin in sy/haar kort lewe bereik het.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. **Advertensie-plakkaat**

Die hoof van die skool het gesê julle mag 'n LENTEDAG hou vir vondsinsameling. Ontwerp 'n ADVERTENSIE-PLAKKAAT wat jy in die skool kan opsit. Die plakkaat moet die volgende hê:

- Datum.
- Tyd.
- Plek.
- Toegangsgeld.
- Illustrasies.
- Addisionele informasie soos wat alles daar gaan wees waaraan die leerders kan deelneem.

OF

3.2. **INSTRUKSIES**

Jou susters se verjaarsdagpartytjie gaan in die stadsaal gehou word en jou vriend / vriendin is ook genooi. Skryf 'n SMS in KORREKTE Afrikaans aan jou vriend / vriendin en gee hom / haar duidelike INSTRUKSIES oor hoe om by die stadsaal uit te kom.
Hou die volgende in gedagte:

- Die beginpunt waarvandaan die person moet vertrek.
- Naamborde / Plekke waarvoor die persoon moet uitkyk.
- Waar die persoon moet links of regs draai of reguit moet gaan.
- Die name van die strate.
- Distansies in meters of kilometers wat jou vriend moet ry.
- Die eindbestemmming.

OF

3.3. Jy wil graag by die JEUKLUB in jou area aansluit. Vul die VORM op die volgende bladsy VOLLEDIG in.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 11 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSKRYWINGSVORM – JEUGKLUB

AFDELING A: PERSOONLIKE INLIGTING **VERSKAF ASSEBLIEF JOU PERSOONLIKE INLIGTING**			
Van:		Naam:	
ID Nommer:			
Geslag:		Graad:	
Selfoon:		Tel (H):	
E-posadres:			
Posadres:			
		Poskode:	

AFDELING B: AKTIWITEITE **KIES DIE AKTIWITEITE WAARAAN JY GRAAG SAL WIL DEELNEEM**			
X	Kamp	X	Liefdadigheid
X	Dag-Uitstappies	X	Speletjie-aande
X	Dans	X	Stokperdjie-aande

AFDELING C: MOTIVERINGS **Skryf TWEE VOLLEDIGE SINNE oor hoekom jy sal wil deelneem aan TWEE van die AKTIWITEITE wat jy gekies het.**	
AKTIWITEIT 1	
AKTIWITEIT 2	

AFDELING D: JEUGKLUBHEMP GROTES R60.00 **MERK DIE GROOTTE VAN DIE T-HEMP WAT JY WIL BESTEL**					
X	Klein	X	Medium	X	Groot
X	XL	X	XXL	X	XXXL
X	Groter	X	Ek wil nie 'n hemp bestel nie		

Skryf twee sinne oor hoekom jy graag by die JEUGKLUB wil aansluit:

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL - 100